# Hey!
# Brokkies Nuus
# Junie 2013

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

## Junie is 'n heerlike mengelmoes van eksamens, afsluitings, kuier en uitreikaksies!



Pragtige Croydon kleuters

Hoewel **Junie eksamen maand** was, het baie klasse steeds aangegaan en was dit 'n wonderlike geleentheid om net voor die kinders sou skryf in die klas te kon wees en **saam te kon bid en hulle uit die Woord van God te kon bemoedig.**



Beaumont Jollie Jakkers STOP en vra WSJD?

Ons kyk met groot dankbaarheid terug op 6 maande van 2013 waarin groot groei ervaar is. God is goed!! By Hey! is 2 baie belangrike groepe: **1) Die vrolike gesiggies wie ons elke week inwag en 2) die vroue of mans wie die Bybellesse as vrywilligers waarneem**-sonder hulle bereidwilligheid sal daar geen Hey! bediening kon wees nie. Bid saam dat elk in die Wingerdstok sal bly soos in Johannes 15. Hulle is elkeen geroep deur God: **Joh 15:16 "Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra."**



Beaumont se hande en voete



Saalopening by Lochies met gratis geskenke ♥



Lochieland se personeel en aanbieders kuier lekker saam

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**

**Lochnerhof saalbyeenkoms met Chris Bester :** Die tweede kwartaal is op hoë noot afgesluit met Chris as gasspreker . Hy het die Lochie Wenners vertel van al die BOEKE wat in die hemel is. Elke Lochie moet seker maak dat sy naam in die **Boek van die Lewe** opgeteken is sodat elke Wenner saam met Jesus die Ewige Lewe kan hê. Daar is ook ander boeke - boeke waarin elke verkeerde woord, daad of gedagte opgeteken is. Wanneer ons vir Jesus vra om ons sonde te vergewe, word al hierdie boeke vernietig en ons is vry! Oom Chris het ook lekker geskenke uitgedeel en **omdat die maats die geskenke verniet ontvang het, het hulle dit ook met ander gedeel - heeltemal verniet!** So moet ons ook die Goeie Nuus met ander deel, omdat ons dit gratis ontvang, kan ons dit weer gratis weggee.

**Bonnytoun uitreik:** As deel van 'n **DEEL-JOU-GELOOF uitreikweek vir tieners deur EEIII SA** het die jongmense van Belville as prakties met Chris Bester uitgereik na o.a. die verhoorafwagtende seuns van Bonnytoun. Dit was 'n wonderlike ervaring wat ons nie gou sal vergeet nie!

Belville se jeug deel hul getuienisse met die seuns van Bonnytoun

